Bid vir persoonlike herlewing

Die term herlewing het vir sommige mense 'n stigma en vir ander n bekoring. Vir my persoonlik, het die woord 'n bekoring, want hier gaan dit oor God wat besig is om op 'n soewereine wyse te werk. Daar is baie verskil van mening oor wat herlewing is en hoe om dit te verkry. Ek is egter oortuig dat elke gelowige daagliks persoonlike herlewing kan ervaar en dit ook behoort te ervaar.

Die volgende is tien gebede wat jy **daagliks vir jouself** (en vir jou gemeente) kan bid om persoonlike herlewing te verkry en ‘n lewe van voortdurende herlewing te beleef:

1. **Here, verander my/ons (Ps.85:7).** *(Gebed vir herlewing en verandering)*
2. **Here, ek/ons verneder/verootmoedig my/ons (Jes.57:15).** *(Die Bybel is daaroor duidelik dat verootmoediging en selfvernedering iets is wat óns moet doen* Jak.47a; 2 Kron.7:14a.
3. **Here, reinig my/ons (1 Joh.1:9)**. *(Gebed vir dieper reiniging van sonde - gaan gepaard met dieper sondebelydenis)*
4. **Here, genees my/ons (Jak.5:13-16).** *(Gebed om fisiese, maar veral ook geestelike genesing van gebeure uit die verlede)*
5. **Here, heilig my/ons (1 Pet.1:16).** *(Gebed om 'n heilige lewenswandel)*
6. **Here, lei my/ons (Joh.4:34).** *(Gebed om die daaglikse leiding van God*)
7. **Here, vul my/ons (Ef.5:18).** *(Gebed om die daaglikse vervulling met die Heilige Gees)*
8. **Here, salf my/ons (Luk.4:18-19).** *(Gebed om toerusting vir die dienswerk)*
9. **Here, gebruik my/ons (1 Kor.12:12-30).** *(Gebed om gewilligheid om betrokke te wees in die gemeente)*
10. **Here, stuur my/ons (Matt.28:18-20).** *(Gebed om betrokkenheid by die uitbreiding van die koninkryk van God.)*

Om persoonlike herlewing te ervaar, is dit nodig om vanuit die volheid van dit wat Jesus aan die kruis vir ons gedoen het, te leef. So baie gelowiges dink daar is nog dinge wat ons moet *"verwerf" of "bereik ".* Nee. Dit wat Jesus kom doen het, was volledig. Ons moet die Vader vra om deur die Gees vir ons verligte oë van die verstand te gee sodat ons die ou waarhede van die evangelie dieper en breër sal verstaan.

Bid daagliks vir 'n dieper verhouding in Christus. Bid vir 'n dieper verstaan van die volkome verlossing en bevryding wat Christus vir ons bewerk het. Bid vir 'n dieper verstaan van die inwoning en werking van die Heilige Gees, die Gees van Christus, in ons binneste. Leer daagliks om in groter afhanklikheid van God die Vader te leef. Herlewing is om te leef vanuit die volheid van dit wat God die Vader vir ons in Christus Jesus gegee het.

Geestelike selfondersoek
Die volgende vraelys kan gebruik word om individue te help om hulle lewens voor die Here te evalueer. Hierdie is deurdringende vrae en sal slegs van waarde wees as hulle baie eerlik beantwoord word. Doen dit biddend en onder leiding van die Heilige Gees.

In die wêreld:
- Praat ek onder alle omstandighede die waarheid? Betaal ek my skuld?
- Vloek ek (selfs net in my gedagtes)?
- Probeer ek inkomstebelasting ontduik?
- Vertel ek suggestiewe grappe en stories?
- Is ek eerlik in alle situasies?
- Is my verhouding met die teenoorgestelde geslag rein in: woord, daad en gedagtes?

In my huis:
- Leef ek voorbeeldig in my huis?
- Glo die wat my die beste ken die meeste in my?

- Eer en respekteer ek die wat my daagliks dien en bedien? Kritiseer ek die kerk of ander mense voor my kinders?
- Tree ek hoflik op teenoor my huweliksmaat?
- Hou ek huisgodsdiens vir my gesin?
- Beskou ek dit as my besittings/huis of God s'n?

By die werkplek:

- Staan ek bekend as 'n gelowige mens?
- Sien ander vir Jesus Christus in my?
- Is ek die oorsaak dat mense met die kerk spot?
- Is ek skaam om by my werkplek van my verlossing te getuig?

Stiltetyd:

- Watter plek neem stiltetyd in my lewe in?
- Maak ek daagliks tyd vir gebed en voorbidding?
- Lees ek die Woord van God daagliks?
- Was daar die afgelope jaar duidelike groei in my verhouding met God?
- Vind daar werklik 'n ontmoeting met God plaas in my stiltetyd?
- Is stiltetyd werklik 'n prioriteit in my dagprogram?
- Hoeveel van my gebedstyd handel oor myself en hoeveel daarvan word gebruik vir lof aan God en vir voorbidding vir ander?

Kerkgang:

- Hou ek daarvan om kerk toe te gaan?
- Berei ek my hart en verstand voor vir die diens?
- Gaan ek om te kritiseer?
- Gaan luister ek na wát die man sê, of gaan luister ek na die mán?
- Bid ek vir my leraar dat God vir hom 'n boodskap sal gee?

Saam met medegelowiges:

- Probeer ek domineer, lyf wegsteek of bring ek my kant?
- Kan ek saam met ander werk en kan ander saam met my werk?
- Het ek die wat saam met my werk werklik lief?
- Ken ander my as iemand wat belangstel en omgee, eerder as iemand wat net wil ontvang en bedien wil word?
- Is dit werklik my begeerte dat God se saak bevorder sal word of soek ek my eie eer?
- Kan ek dit verdra dat ander die eer kry en ek soms nie bedank word vir iets wat ek met opoffering gedoen het nie?
- Soek ek my eie belang of die van ander?

Het ek al my regte prysgegee?

- My reg om myself te verdedig.
- My reg om verstaan te word.
- My reg om iets te besit.
- My reg om met respek behandel te word en gerespekteer te word.
- My reg op erkenning vir wat ek gedoen het.
- My reg om sleg of beledig te voel (*to feel offended*).
- My reg om kwaad te mag wees/word.
- My reg om te kies, my eie keuse uit te oefen.
- My reg op plesier/lekker dinge/mooi dinge/goeie dinge.
- My reg op my finansies.
- My reg op my ambisies.
- My reg op gerief.
- My reg om my eie toekoms te beplan.